MTN Diensverskaffer (Edms.) Bpk. ("MTN SP")
Reg. Nommer 1993/002648/07
Innovation Centre 216 – 14d^de Laan, Fairland, Roodepoort, 2195
Privaatsak 9955, Cresta, 2118
Suid Afrika
Tel: +27 083-1-808 Faks: +27 83 705 7171 of (011) 912 5021 http://www.mtnsp.co.za
BTW Nr.: 4130141247

ADDENDUM TOT DIE BEPALINGS EN VOORWAARDES VAN DIE MTN SP INTEKENAARKONTRAK (hierdie "Addendum") VAN TOEPASSING OP KLEIN TOT MEDIUMGROOTTE ONDERNEMINGS

BELANGRIK – LEES HIERDIE ADDENDUM ASSEBLIEF AANDAGTIG DEUR - **Hierdie Addendum vorm deel van U Kontrak met MTN SP. Hierdie Addendum bevat wysigings aan die Bepalings en Voorwaardes van die MTN SP Intekenaarkontrak, asook bykomende bepalings en voorwaardes wat nie by die Bepalings en Voorwaardes van die MTN SP Intekenaarkontrak ingesluit is nie, maar wat ook deel sal vorm van U Kontrak met MTN SP.

Deur hierdie Addendum te onderteken, kom U en MTN SP op die volgende ooreen :

1. **Die doel van hierdie Addendum** is om sekere van die bepalings en voorwaardes in die MTN SP Intekenaarkontrak (die "**MTN SP Intekenaarkontrak**") te wysig. Dit sluit in wysigings om die MTN SP Intekenaarkontrak in ooreenstemming met die Verbruikersbeskermingswet, 68 van 2008 (die "**Verbruikersbeskermingswet**") te bring. Hierdie Addendum bevat ook nuwe bepalings en voorwaardes wat nie by die MTN SP Intekenaarkontrak ingesluit is nie en wat deel sal vorm van U Kontrak met MTN SP.
2. **Kontrakdokumente**: Die MTN SP Kontrak Aansoekvorm wat deur U onderteken is, die MTN SP Intekenaarkontrak Bepalings en Voorwaardes, en hierdie Addendum tot die MTN SP Intekenaarkontrak Bepalings en Voorwaardes ("hierdie Addendum") vorm saam U kontrak met MTN SP (die "**Kontrakdokumente**"). In geval van enige konflik of teenstrydigheid tussen die inhoud van hierdie Addendum en die inhoud van enige van die ander Kontrakdokumente, sal die inhoud van hierdie Addendum van toepassing wees. Behalwe in soverre dit uitdruklik geskrap of gewysig is in hierdie Addendum, sal die oorblywende bepalings van die Kontrakdokumente onveranderd en ten volle van krag bly.
3. **Bewaar asseblief die Kontrakdokumente en die volgende dokumente in 'n veilige plek** en lê hulle voor aan MTN SP wanneer U 'n navraag het of 'n verbruikersreg wil uitoefen:
   - Die MTN SP Kliënt-Ontvangsdokument (KOD) ("Customer Pick-up Document (CPD)") of Bewys van Aflewering (BVA); en
   - Die MTN SP Faktuur.
4. **Lees en Verstaan Belangrike Bepalings en Voorwaardes**: Lees asseblief en maak seker dat U al die bepalings en voorwaardes wat in die Kontrakdokumente vervat is, sowel as U wetlike regte en verpligtinge wat voortspruit uit U ondertekening van die Kontrakdokumente, die KOD en die BVA, verstaan.
   Hoewel al die bepalings en voorwaardes wat vervat is in die Kontrakdokumente belangrik is, **maak seker dat U kennis neem van daardie bepalings en voorwaardes** waarop U aandag gevestig word deur middel van hetsy **blokkies, vet druk, hoofletters of skuins druk**, en dat U hulle lees en verstaan.
   Neem asseblief ook spesifiek kennis van Afdeling D (Aanvaarding van risiko en/of aanspreeklikheid deur U) en Afdeling E (Erkenning van feite deur U) van hierdie Addendum wat belangrike kennisgewings bevat.

A. VERBRUIKERSBESKERMINGSWET:

Tot die mate waarin die Kontrakdokumente, of enige goedere of dienste waarvoor voorsiening gemaak word in die Kontrakdokumente, onderhewig is aan die Verbruikersbeskermingswet, 2008 (die

MTN Diensverskaffer (Edms.) Bpk. is 'n gelisensieerde finansiële diensteverskaffer – Lisensienommer 23660

MTN Diensverskaffer (Edms.) Bpk. ("MTN SP")
Reg. Nommer 1993/002648/07
Innovation Centre 216 – 14d^de Laan, Fairland, Roodepoort, 2195
Privaatsak 9955, Cresta, 2118
Suid Afrika
Tel: +27 083-1-808 Faks: +27 83 705 7171 of (011) 912 5021 http://www.mtnsp.co.za
BTW Nr.: 4130141247

"**Verbruikersbeskermingswet**"), is geen bepaling van die Kontrakdokumente daarop gemik om teen die toepaslike bepalings van die Verbruikersbeskermingswet in te druis nie, en dus **moet al die bepalings van die Kontrakdokumente as gekwalifiseerd beskou word, in soverre dit nodig is, om te verseker dat daar aan die toepaslike bepalings van die Verbruikersbeskermingswet voldoen word.**

B. GESKRAPTE BEPALINGS:

Die volgende klousules van die MTN SP Intekenaarkontrak is ongeldig en word geskrap uit die MTN SP Intekenaarkontrak vanaf die datum waarop die MTN SP Kontrak Aansoekvorm deur U onderteken word:

- Klousule 9.12.3;
- Klousule 9.14;
- Klousule 10.11.2;
- Deel II in sy geheel: Voorwaardes vir die verkoop van Mobiele Toestel/le teen 'n gesubsidieerde Prys (insluitend al die Klousules 11 tot 11.11).

C. GEWYSIGDE BEPALINGS:

Die volgende klousules in die MTN SP Intekenaarkontrak word gewysig vanaf die datum waarop die MTN SP Kontrak Aansoekvorm deur U onderteken word, en wel op die volgende manier:

KLOUSULE 2 – KANSELLASIE VAN KONTRAK EN KANSELLASIEFOOIE:

Die genommerde klousules 2.2 en 2.3 word soos volg gewysig:

Klousule 2.2 – "Indien hierdie Kontrak om enige rede gekanselleer word, insluitend (maar nie beperk nie tot) situasies waar hierdie Kontrak gekanselleer word vóór die einde van die Aanvanklike Kontrakperiode of 'n Kontrakhernuwingsperiode (na gelang van die geval), sal U vereis word om alle uitstaande bedrae wat deur U betaalbaar is ingevolge die bepalings van hierdie Kontrak aan MTN SP te betaal tot op die datum waarop hierdie Kontrak eindig. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, Fooie, Maandelikse Diensfooie en die Gebruiksfooie wat U laat oploop het tot op en insluitend die datum waarop hierdie Kontrak eindig. Daar sal ook van U vereis word om 'n kansellasiefooi te betaal. Dit is bykomend tot U ander betalingsverpligtinge soos uiteengesit in klousule 4, waar van toepassing. Die kansellasiefooie word breedvoerig verduidelik in klousule 2.3 hier onder."

MTN Diensverskaffer (Edms.) Bpk. ("MTN SP")
Reg. Nommer 1993/002648/07
Innovation Centre 216 – 14d^de^ Laan, Fairland, Roodepoort, 2195
Privaatsak 9955, Cresta, 2118
Suid Afrika
Tel: +27 083-1-808 Faks: +27 83 705 7171 of (011) 912 5021 http://www.mtnsp.co.za
BTW Nr.: 4130141247

Klousule 2.3 –

KANSELLASIEFOOIE: **Hierdie Fooie sal addisioneel tot ander toepaslike fooie wees en sluit in:** • **alle Maandelikse Diensfooie wat U aan MTN SP verskuldig is vir die oorblywende maande van die Aanvanklike Kontrakperiode of die Kontrakhernuwingsperiode ("Vroeë Kansellasiefooie"); en** • **die terugbetaling van die R 1710.00 (insluitende BTW) subsidiebedrag van die handstuk genoem in klousule 11.1 hier onder.**	**Ek aanvaar dat indien hierdie Kontrak om enige rede gekanselleer word vóór die einde van die Aanvanklike Kontrakperiode of die Kontrakhernuwingsperiode na gelang van die geval, ek aanspreeklik sal wees teenoor MTN SP vir die Vroeë Kansellasiefooie en/of Fooie vir die opheffing van opskorting/heraansluiting aan die linkerkant. Ek aanvaar dat ek al hierdie bedrae aan MTN SP sal moet betaal binne 14 (veertien) dae na MTN SP se betalingsaanmaning. Ek bevestig dat hierdie fooie aan my verduidelik is en dat ek die gevolge van die vroeë kansellasie van hierdie Kontrak volledig verstaan.** **HANDTEKENING VAN INTEKENAAR:** _____

Die genommerde klousules 2.1 en 2.4 bly onveranderd.

KLOUSULE 3 – VOORSIENING VAN SIM-KAARTE EN NETWERKDIENSTE:

Klousule 3.3 word soos volg gewysig:

Klousule 3.3 – "MTN SP sal elke kommersieel-redelike poging aanwend om spoedig aan enige voorsienings- en/of afleweringsvereistes wat op die Bestelling aangeteken is, te voldoen."

Die restant van klousule 3 bly onveranderd.

KLOUSULE 4 – FOOIE:

Klousule 4.9.2.1 word soos volg gewysig:

MTN Diensverskaffer (Edms.) Bpk. is 'n gelisensieerde finansiële diensteverskaffer – Lisensienommer 23660

MTN Diensverskaffer (Edms.) Bpk. ("MTN SP")
Reg. Nommer 1993/002648/07
Innovation Centre 216 – 14d^de Laan, Fairland, Roodepoort, 2195
Privaatsak 9955, Cresta, 2118
Suid Afrika
Tel: +27 083-1-808 Faks: +27 83 705 7171 of (011) 912 5021 http://www.mtnsp.co.za
BTW Nr.: 4130141247

Klousule 4.9.2.1 – "Die ongebruikte gedeelte van die inklusiewe waardebedrag, lugtyd of data wat deur U ingevorder mag word om te gebruik, sal afhang van die bepalings en voorwaardes van MTN SP en die besigheidsreëls wat van toepassing is op die betrokke Pakketopsie wat U gekies, versoek en aanvaar het op die MTN SP Aansoekvorm."

Die volgende nuwe klousules 4.11 en 4.12 word bygevoeg by klousule 4 van die MTN SP Intekenaarkontrak, na klousule 4.10:

Klousule 4.11 – "In geval van wanbetaling, en in soverre dit deur die wet toegelaat word, sal U, addisioneel tot die ander Fooie en bedrae betaalbaar deur U, ook die volgende aan MTN SP moet betaal:

4.11.1 'n debietorder om fooi te verhaal van R11.40 (insl. BTW);

4.11.2 rente teen die Prima Koers op uitstaande bedrae, vanaf die betaaldatum tot op die datum waarop U die betaling doen."

Klousule 4.12 – "Daar sal van MTN SP vereis word om regskostes op die skaal soos tussen prokureur en eie kliënt te betaal wat redelik deur U aangegaan word indien U enige regstappe neem teen MTN SP met betrekking tot MTN SP se verbreking van hierdie Kontrak. MTN SP sal ook vereis word om invorderingskostes te betaal wat redelik deur U aangegaan word terwyl U poog om enige bedrae wat deur MTN SP aan U verskuldig is van MTN SP te verhaal. Daar sal van U vereis word om regskostes te betaal op die skaal soos tussen prokureur en eie kliënt wat redelik deur MTN SP aangegaan word indien MTN SP enige regstappe teen U neem met betrekking tot U verbreking van hierdie Kontrak. U sal ook vereis word om invorderingskostes te betaal wat redelik deur MTN SP aangegaan word terwyl MTN SP poog om enige bedrae wat deur U verskuldig is aan MTN SP van U te verhaal. Alle bedrae wat ingevolge van hierdie klousule 4.12 betaal moet word, sal binne 14 (veertien) kalenderdae vanaf die geskrewe betalingsaanmaning betaal moet word."

Die restant van klousule 4 bly onveranderd.

KLOUSULE 5 – OPSKORTING VAN TOEGANG TOT NETWERKDIENSTE:

Klousule 5.3 word soos volg gewysig:

Klousule 5.3 – "Onderhewig aan die bepalings van die Verbruikersbeskermingswet, en in soverre dit deur enige ander toepaslike wetgewing toegelaat word, indien U toegang tot die Netwerkdienste opgeskort word, sal U steeds aanspreeklik wees vir die Maandelikse Diensfooie gedurende die opskortingtydperk, tensy MTN SP skriftelik toestem daartoe om nie hierdie fooie van U te verhaal nie. MTN SP sal nie sy toestemming op onredelike wyse weier nie."

Die restant van klousule 5 bly onveranderd.

KLOUSULE 6 – BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID:

MTN Diensverskaffer (Edms.) Bpk. is 'n gelisensieerde finansiële diensteverskaffer – Lisensienommer 23660

MTN Diensverskaffer (Edms.) Bpk. ("MTN SP")
Reg. Nommer 1993/002648/07
Innovation Centre 216 – 14d^de^ Laan, Fairland, Roodepoort, 2195
Privaatsak 9955, Cresta, 2118
Suid Afrika
Tel: +27 083-1-808 Faks: +27 83 705 7171 of (011) 912 5021 http://www.mtnsp.co.za
BTW Nr.: 4130141247

Klousule 6 van die MTN SP Intekenaarkontrak word vervang met die volgende nuwe klousule 6 en is ook onderhewig aan Afdeling A (Verbruikersbeskermingswet) van hierdie Addendum:

"LET WEL: ***Die volgende klousules bevat aanvaarding van risiko en/of aanspreeklikheid deur U en beperk en sluit aanspreeklikheid, verpligtinge en wetlike verantwoordelikhede wat MTN SP teenoor U en ander persone sal hê, uit. Hierdie klousules beperk en sluit ook U regte en regsmiddele teen MTN SP uit en plaas verskeie risiko's, aanspreeklikheid, verpligtinge en wetlike verantwoordelikhede op U. MTN SP mag ook eise en ander regte teen U hê.***

Klousule 6.1 – Onderhewig aan die bepalings van die Verbruikersbeskermingswet, **in soverre dit deur enige ander toepaslike wetgewing toegelaat word en ook onderhewig aan klousules 6.2 en 6.3 hier onder, sal MTN SP nie aanspreeklik wees teenoor U of enige ander persoon vir enige verlies of skade gely (hetsy direk of indirek): –**

6.1.1 indien MTN SP nie enige Mobiele Toestel of SIM-Kaart/e op die vereiste datum of tyd voorsien of aflewer nie; of

6.1.2 indien die Netwerkdienste onderbreek, opgeskort, of gekanselleer word, om watter rede ook al; of

6.1.3 indien MTN SP nie die voorsiening van Netwerkdienste aan U opskort nadat U MTN SP spesifiek versoek het om dit te doen nie; of

6.1.4 indien die verlies of skade veroorsaak is deur enige nalatige optrede of versuim om op te tree deur MTN SP, sy werknemers of agente; of

6.1.5 as gevolg van die gebruik van enige Mobiele Toestel wat aan U voorsien is deur MTN SP met betrekking tot hierdie Kontrak.

Klousule 6.2 – Klousule 6.1 beperk of sluit nie enige waarborge of verpligtinge uit wat in hierdie Kontrak veronderstel word deur die Verbruikersbeskermingswet (in soverre dit van toepassing is) of wat MTN SP gee in ooreenstemming met die Verbruikersbeskermingswet (in soverre dit van toepassing is), in soverre die wet nie toelaat dat sodanige waarborge en verpligtinge beperk of uitgesluit word nie.

Klousule 6.3 – In soverre wetgewing dit nie toelaat nie, beperk of onthef klousule 6.1 MTN SP nie van aanspreeklikheid vir enige verlies wat direk of indirek te wyte is aan die growwe nalatigheid van MTN SP of enige persoon wat namens MTN SP optree of onder die beheer van MTN SP nie. In soverre wetgewing dit nie toelaat nie, beperk of sluit klousule 6.1 ook nie MTN SP se aanspreeklikheid vir dood of persoonlike besering deur U gely en wat veroorsaak is deur 'n aksie of versuim van MTN SP uit nie, onderhewig aan Artikel 61(1) van die Verbruikersbeskermingswet. In soverre wetgewing dit nie toelaat nie, vereis klousule 6.1. ook nie dat U die risiko of aanspreeklikheid vir hierdie soort van verliese aanvaar nie.

KLOUSULE 7 – KONTRAKBREUK:

Klousules 7.1 en 7.5 word soos volg gewysig:

Klousule 7.1 – "Sonder om enige van MTN SP se ander regsmiddele en regte teen U te beperk, mag hierdie Kontrak deur MTN SP gekanselleer word onmiddellik na geskrewe kennisgewing aan U indien U hierdie Kontrak verbreek (wat mag insluit, maar nie

MTN Diensverskaffer (Edms.) Bpk. ("MTN SP")
Reg. Nommer 1993/002648/07
Innovation Centre 216 – 14d^de Laan, Fairland, Roodepoort, 2195
Privaatsak 9955, Cresta, 2118
Suid Afrika
Tel: +27 083-1-808 Faks: +27 83 705 7171 of (011) 912 5021 http://www.mtnsp.co.za
BTW Nr.: 4130141247

beperk is nie tot, U versuim om enige bedrae betaalbaar aan MTN SP op die betaaldatum te vereffen) en U versuim het om daardie kontrakbreuk reg te stel binne 20 (twintig) besigheidsdae nadat MTN SP U in kennis gestel het van sodanige kontrakbreuk."

Klousule 7.5 – "Addisioneel tot alle regsmiddele wat U ingevolge die wet mag hê, insluitende ingevolge die Verbruikersbeskermingswet, sal U die reg hê om enige dispuut tussen U en MTN SP met betrekking tot die beskikbaarheid van die Netwerkdienste na enige Telekommunikasieverteenwoordiger wat deur die Onafhanklike Kommunikasie-Owerheid van Suid-Afrika (OKOSA) aangewys mag word, te verwys.

Die restant van klousule 7 bly onveranderd.

KLOUSULE 9 – ALGEMEEN:

Klousules 9.12.1 en 9.13 word soos volg gewysig:

Klousule 9.12.1 – "per hand, per faks of per e-pos gedurende die normale besigheidsure van MTN SP, by die vaste adresse van die ontvanger, soos uiteengesit in klousule 1.18, soos wat gewysig mag word ingevolge klousule 9.10. Tensy die teendeel bewys word, sal daar aanvaar word dat 'n faks of e-pos ontvang is 48 (ag-en-veertig) uur na die tyd waarop dit gestuur is. U moet seker maak dat U bewys van ontvangs ontvang; of"

TOESTEMMING OM TE BEMARK: Klousule 9.13 – "In soverre dit deur die wet toegelaat word, deur die blokkie op die MTN SP Kontrak Aansoekvorm te merk, gee U MTN SP uitdruklike toestemming om U per telefoon, faks, SMS, MMS of e-pos te kontak by die kontaknommer/s en/of adresse wat U aan MTN SP verskaf het, met die doel om sy produkte en/of dienste aan U te bemark. Hierdie toestemming weerhou U nie daarvan om te eniger tyd in die toekoms te kies om nie bemarkingskommunikasie van MTN SP te ontvang nie (of om weer te kies om dit te ontvang nie), en is te alle tye onderhewig aan U regte en verpligtinge ingevolge die Verbruikersbeskermingswet of enige ander toepaslike wetgewing om 'n voorkomende blokkering te registreer of om te eis dat MTN SP alle direkte bemarkingskommunikasie aan U te staak."

Behalwe vir klousules 9.12.3 en 9.14 (wat geskrap is), bly die restant van klousule 9 onveranderd.

KLOUSULE 10 – SELFOONNOMMEROORDRAAGBAARHEID:

Klousules 10.10, 10.11.1, 10.11.3 en 10.11.4 word soos volg gewysig:

Klousule 10.10 – "Indien U U selfoonnommer oordra en U kanselleer U Kontrak, sal U verantwoordelik wees daarvoor om MTN SP alle bedrae te betaal wat onbetaald is en wat deur U betaalbaar is ingevolge die bepalings van hierdie Kontrak tot

MTN Diensverskaffer (Edms.) Bpk. ("MTN SP")
Reg. Nommer 1993/002648/07
Innovation Centre 216 – 14d^de Laan, Fairland, Roodepoort, 2195
Privaatsak 9955, Cresta, 2118
Suid Afrika
Tel: +27 083-1-808 Faks: +27 83 705 7171 of (011) 912 5021 http://www.mtnsp.co.za
BTW Nr.: 4130141247

op die datum wat hierdie Kontrak eindig. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, die Fooie, Maandelikse Diensfooie en Gebruiksfooie wat U opgeloop het tot op en insluitende die datum wat hierdie Kontrak eindig. Waar dit deur die Verbruikersbeskermingswet toegelaat word, sal daar ook van U vereis word om 'n redelike kansellasieboete te betaal, wat bereken sal word op die wyse wat in klousule 2.2 hier bo uiteengesit is. Waar van toepassing, is dit bykomend tot U ander betalingsverpligtinge in klousule 4."

Klousule 10.11.1 – "U moet U skenker-diensverskaffer 20 (twintig) besigheidsdae (gemeld as dertig kalenderdae in die OKOSA Regulasies vir Selfoonnommeroordraagbaarheid) kennisgewing gee om U Kontrak te kanselleer, anders sal dit van krag bly."

Klousule 10.11.3 – "In soverre dit deur die wet toegelaat word, en onderhewig aan die OKOSA Regulasies vir Selfoonnommeroordraagbaarheid, sal U enige afgeloste, opgehoopte en ongebruikte minute, SMS'e of waarde wat U nie gebruik vóórdat U oordra nie, verloor. Dit gebeur omdat, sodra U oordra, U nie meer 'n MTN-intekenaar is nie."

Klousule 10.11.4 – "In soverre dit deur wetgewing toegelaat word, en onderhewig aan die OKOSA Regulasies vir Selfoonnommeroordraagbaarheid, sal U alle toegang tot boodskappe of data wat U nie aflaai vóórdat U oordra nie, verloor. Dit gebeur omdat, sodra U oordra, U nie meer 'n MTN-intekenaar is nie."

Behalwe vir klousule 10.11.2 (wat geskrap is), bly die restant van klousule 10 onveranderd.

D. AANVAARDING VAN RISIKO EN/OF AANSPREEKLIKHEID DEUR U:

LET WEL: ***Die volgende klousules in die MTN SP Kontrak Aansoekvorm en in die MTN SP Intekenaarkontrak (soos gewysig deur hierdie Addendum) bevat aanvaarding van risiko en/of aanspreeklikheid deur U en beperk en sluit aanspreeklikheid, verpligtinge en wetlike verantwoordelikhede wat MTN SP teenoor U en ander persone sal hê, uit. Hierdie klousules beperk en sluit ook U regte en regsmiddele teen MTN SP uit en plaas verskeie risiko's, aanspreeklikheid, verpligtinge en wetlike verantwoordelikhede op U. Hierdie klousules mag tot gevolg hê dat U verantwoordelik gehou word om verhoogde of addisionele kostes en bedrae te betaal en MTN SP mag ook eise en ander regte teen U hê:***

Verklaring in die MTN SP Intekenaarkontrak:
Deur hierdie Verklaring in die MTN SP Kontrak Aansoekvorm te onderteken, aanvaar U ook dat U aanspreeklik en verantwoordelik is vir bedrae verskuldig aan MTN SP ingevolge hierdie Kontrak indien enige derde party wat ooreengekom het om hierdie bedrae te betaal, versuim om dit te doen;

Klousule 3.3 – MTN SP se voorsienings- en afleweringsvereistes gespesifiseer op 'n Bestelling ;

Klousule 3.4 – Alle risiko ten opsigte van verlies, skade, of diefstal van SIM-Kaarte en Mobiele Toestelle wat deur MTN SP aan U voorsien is, gaan na U oor by aflewering van die SIM-Kaart en die Mobiele Toestel (na gelang van die geval) aan U of enige

MTN Diensverskaffer (Edms.) Bpk. is 'n gelisensieerde finansiële diensteverskaffer – Lisensienommer 23660

persoon wat U gekies het om die ontvangs van sodanige SIM-Kaart of Mobiele Toestel namens U te aanvaar;

Klousule 4.5 – Debietorder en Kontrakbreuk deur U;

Klousule 4.6 – Rekening as Korrek Aanvaar indien nie deur U betwis binne die vereiste tydperk;

Klousules 4.11 en 4.12 – Fooie in geval van wanbetaling deur U aan MTN SP (soos bygevoeg deur hierdie Addendum);

Klousule 5 – Opskorting van Netwerkdienste deur MTN SP;

Klousule 6 – Beperking van Aanspreeklikheid (soos gewysig deur hierdie Addendum);

Klousule 7 – Nie-betaling deur U aan MTN SP en U rapportering by die Kredietburo ingevolge die Nasionale Kredietwet;

Klousules 10.10 en 10.11 – Reëls ten opsigte van Selfoonnommeroordraagbaarheid en Kansellasiefooie (soos gewysig deur hierdie Addendum).

E. ERKENNING VAN FEITE DEUR U:

LET WEL: ***Die MTN SP Kontrak Aansoekvorm en die volgende klousules van die MTN SP Intekenaarkontrak en van hierdie Addendum bevat stellings wat erkenning van feite deur U verteenwoordig. U moet seker maak dat al die stellings in die MTN SP Kontrak Aansoekvorm en die volgende klousules korrek is, aangesien u nie die waarheid van die stellings sal kan ontken nie. MTN SP mag ook eise en ander regte teen u hê as gevolg van sodanige stellings of indien hulle nie korrek is nie:***

- **Klousule 3.7 –** Waarborge en erkennings deur U;
- **Klousule 7 –** Kontrakbreuk;
- **Klousule 9.9 –** Vaste Adresse vir amptelike kennisgewings en hofdokumente;
- **Klousule 9.13 –** Toestemming om te bemark;
- **Klousule 10 –** Selfoonnommeroordraagbaarheid;
- **Afdeling F (Intekenaarsooreekoms)** hier onder in hierdie Addendum.

F. INTEKENAARSOOREENKOMS:

1. **Ek bevestig dat ek die bepalings en voorwaardes van die Kontrakdokumente gelees het en verstaan, en ek aanvaar dat ek daardeur gebind word.**

2. **Ek bevestig dat ek oor die ouderdom van 18 jaar is en dat ek wetlik in staat is om die bepalings en voorwaardes wat in die Kontrakdokumente vervat is te aanvaar, en om die**

MTN Diensverskaffer (Edms.) Bpk. ("MTN SP")
Reg. Nommer 1993/002648/07
Innovation Centre 216 – 14d^de Laan, Fairland, Roodepoort, 2195
Privaatsak 9955, Cresta, 2118
Suid Afrika
Tel: +27 083-1-808 Faks: +27 83 705 7171 of (011) 912 5021 http://www.mtnsp.co.za
BTW Nr.: 4130141247

beloftes en ondernemings daarin te maak.

Handtekening:_____

Vir: _____ **as gevolmagtig om die Intekenaar te bind**

Naam: _____

Datum: _____

Naam van Verkoopskonsultant: _____ **Handtekening:** _____

Datum: _____